

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, dié Gesalfde Een, die boodskap van יהוה-God is wat vlees geword het! Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende ‘man hu’ wat uit die hemel gestuur is en יהוה se Torah vervolmaak het. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!!

Parashah 36: *B'ha'alotcha* – As Jy Die Lampe Opsteek

יהוה het met Mosheh gepraat en gesê: Praat met Aharon en sê vir hom: As jy die lampe opsteek, moet die sewe lampe aan die voorkant van die lampstaander lig gee. Num. 8:1 en 2 – PWL¹

Torah: Num. 8:1 tot 12:16.

Haftorah: Sag. 2:10 tot 4:7

Nuwe Verbond: Rom. 1:1; Gal. 1:15; Heb. 4:14- 5:10; Heb. 7:1-28; Heb. 9:23-25; 1Kor. 10:6-13; 1Kor. 11:1; Open 14:4; Fil. 2:14.

Hierdie notas is aanvullend tot vorige notas vir Parashah 36 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182.

Pride must die in you, or nothing of heaven can live in you – Andrew Murray.

The highest glory of the creature is in being only a vessel, to receive and enjoy and show forth the glory of God. It can do this only as it is willing to be nothing in itself, that God may be all. Water always fills first the lowest places. The lower, the emptier a man lies before God, the speedier and the fuller will be the inflow of the divine glory – Andrew Murray.

God has promised to supply all our needs. What we don't have now, we don't need now. – Elizabeth Elliot.

It is not how much we have, but how much we enjoy, that makes happiness. – Charles Spurgeon.

“It is only with gratitude that life becomes rich!” – Dietrich Bonhoeffer.

You say, “If I had a little more, I should be very satisfied.” You make a mistake. If you are not content with what you have, you would not be satisfied if it were doubled. – Charles Spurgeon.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Torahbespreking

Hersiening

Num. 1:1 tot Num. 10:10 is nog die laaste onderrig en instruksies voor Yisra'el die tog na Kena'an sal aanpak. Yisra'el moet as 'n afgesonderde en rein volk (gemeenskap), asook as eensgesind deur die wildernis na die beloofde land trek, anders sal יהוה nie hulle Beskermer en Voorsiener wees nie! Liefde vir יהוה en naasteliefde sal hulle redding en behoud wees! Dit gaan Yisra'el se toets wees of hulle יהוה in alles gaan vertrou en gehoorsaam wees!

In die verlede week se Torahskriflesing is die Torah oor jaloesie en die priesterlike seën bespreek. Ons Skriflesing het geëindig met die offerandes van die twaalf stamhoofde nadat die die tabernakel opgerig was.

In hierdie week se Torahskriflesing gee Mosheh die laaste instruksies en onderrig aan Yisra'el en word die priesters ook gereinig (Num. 8:5-26) sodat hulle geskik sal wees vir die dienswerk in die tabernakel, asook vir die afbreek, vervoer en die oprigting van die tabernakel by elke staanplek tydens hulle trek na Kena'an.

Op die twintigste dag van die tweede maand in die tweede jaar nadat Yisra'el uit Mitzrayim weg is, het hulle die reis na die beloofde land, Kena'an, voortgesit.

- 11 Dit het gebeur dat op die twintigste van die maand, in die tweede maand, in die tweede jaar, die wolk opgelig is van die tabernakel van die Getuienis af
- 12 en die seuns van Yisra'el het weggetrek uit die wildernis van Sinai op hulle reise en die wolk het tot rus gekom in die wildernis van Pa'ran.
- 13 So het hulle dan die eerste keer weggetrek volgens die opdrag van יהוה, deur die hand van Mosheh. Num. 10:11-13.

Priesters Volgens Die Orde Van Malki-Tzedek

Om te “reinig: (Hebreeus: *taher*) is om “suiwer te maak, moreel skoon te wees; om eg te wees en om onvervals te wees”. Die Leviete is ondermeer gereinig deur die water van ontsondiging (reinigingswater – Num. 8:7, maar wat eers in Numerie 19 bespreek word). Daar is ook toedekking vir elke priester gedoen deur twee jong bulle te offer; die een as sondoffer en die ander as brandoffer (Num. 8:12), asook om hulle voor יהוה te stel as 'n waaioffer (Num. 8:11 en 15). Eers na die reiniging kon die Leviete die verantwoordelikheid neem vir die doeltreffende funksionering van die Tent van Ontmoeting . Ewe belangrik is die feit dat hierdie reinigingseremonie eers plaasgevind het nadat die priesters vir bykans 'n jaar opleiding in Torah ondergaan het.

Elke priester het ook 'n duidelike taakoms krywing gehad. Die doeltreffende funksionering van die tabernakel kon dus slegs plaasvind indien elke priester sy taak waarvoor hy aangestel was, effektief uitgevoer het. Die Leviete moes eendragtig saam funksioneer!

In vele opsigte is die tabernakel, die offerandes en die Levitiese priesterorde 'n sinnebeeld van die Koninkryk van God en hoe dit hier op aarde moet funksioneer. Eerstens is dit 'n sinnebeeld van Yeshua en Sy bediening en tweedens is dit 'n sinnebeeld van die gelowige in Yeshua.

Maar ons weet dat na die folterdood en opstanding van Yeshua is die Levitiese priesterorde met die orde van Malki-Tzedek vervang. Daar is ook nie meer 'n aardse tabernakel (tempel)

nie en daarom is die fisiese funksionering van die tabernakel vervang met die geestelike verstaan en toepassing daarvan.

Bepeins of Bespreek

1. In die lig hiervan is die vraag: Is vertroue in Yeshua as dié Gesalfde van God al wat nodig is om diens te mag doen in יהוה se Koninkryk as priesters volgens die orde van Malki-Tzedek? Het ons genoegsame kennis van יהוה se Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is om ander te kan leer en te help om die pad van waarheid tot die lewe te kan stap? Weet ons wat ons taakoms krywing is? Doen ons wat ons Hoofpriester Yeshua van ons elkeen verwag? Maar die belangrikste vraag is of ons 'n Koninkryksvisie het? Kan ons eerlik “ja” op al hierdie vrae antwoord?

Die Stem van יהוה

Soos genoem, het ons vorige Torahskriflesing, naamlik *Naso*, geëindig waar die twaalf stamowerstes die inwydinggawes vir die tabernakel gebring het (Num. 7:1-88). Dan lees ons in Num. 7:89 die volgende:

Wanneer Mosheh in die Tent van Ontmoeting ingegaan het om met Hom te praat, het hy die Stem met hom hoor praat van bo die Toedekking af wat op die ark van die Getuienis is, van tussen die twee gérubs uit. So het Hy met hom gepraat.

Let daarop dat Mosheh het die stem van יהוה gehoor van bo die Toedekking af wat op die ark van die Getuienis is, tussen die twee gérubs uit! In die ark was die Getuienis, naamlik die tien gebooie (woorde)!! Dit is bevestiging dat יהוה self, deur Sy Gemanifisteerde Teenwoordigheid, die bewaker en bevestiger is van die tien gebooie, wat die tien “pilare” (beginsels) van יהוה se Karakter en Outoriteit is! יהוה praat altyd met ons, en met die mensdom, vanaf die basis van die tien gebooie. Elke woord van יהוה is gefundeer op hierdie tien gebooie.

Die eerste woorde van hierdie week se Torahskriflesing in Num. 8:1-2, is dan 'n voortsetting van hierdie gesprek met Mosheh. Hierdie is bevestiging van wat ons in Ex. 25:17-22 ten opsigte van die verbondsark gelees het, naamlik:

¹⁷Maak ook 'n toedekking van suiwer goud. Sy lengte moet twee en 'n half el en sy breedte een en 'n half el wees.

¹⁸Maak ook twee gérubs van goud. Van gietwerk moet jy hulle maak, aan die twee ente van die toedekking.

¹⁹Maak een gerub aan die een ent en een gerub aan die ander ent. Uit een stuk met die toedekking, moet julle die gérubs aan die twee ente maak.

²⁰Die gérubs moet hulle vlerke boontoe uitsprei en die toedekking met hulle vlerke bedek en hulle gesigte moet na mekaar toe wees; die gesigte van die gérubs moet op die toedekking gerig wees.

²¹Jy moet die toedekking bo-op die ark sit, maar in die ark moet jy die Getuienis sit wat Ek vir jou sal gee.

²²Daar sal Ek met jou ontmoet en van bo die toedekking af, van tussen die twee gérubs wat op die ark van die Getuienis is, met jou praat en alles sê wat Ek jou sal beveel aangaande die seuns van Yisra'el.

יהוה praat nie meer met Mosheh op die berg Sinai nie, maar wel van bo die die toedekking (versoendeksel) af wat op die ark van die Getuienis is, tussen die twee gérubs uit!

In die ou verbond het יהוה deur Mosheh en die profete met Yisra'el gepraat, maar in hierdie laaste dae praat יהוה met ons deur Sy Seun, naamlik die Torah van יהוה van die nuwe verbond wat vlees geword het (Joh. 1:14).

¹Oor alle onderwerpe en op allerhande maniere het God vroeër deur die profete gepraat met ons vaders

²en in hierdie laaste dae het Hy met ons gepraat deur Sy Seun, wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het. Heb. 1:1-2.

Die Toedekking van die verbondsark is 'n sinnebeeld van Yeshua, dié Gesalfde Een. Wanneer יהוה dus met Mosheh van bo die versoendeksel gepraat het, het dit heengewys na Yeshua – die vleesgeworde Toedekking van ons sonde en die vleesgeworde Versoening met יהוה!!

Omrede elke woord van יהוה gefundeer is op die tien gebooie, en omrede Yeshua die vleesgeworde Torah is, is dit die fondament waarop ons ons hele bestaan as deelgenote van die nuwe verbond moet bou.

¹⁰Vanuit die onverdiende guns van God wat aan my gegee is, het ek soos 'n wyse argitek die fondament gelê en 'n ander bou daarop, maar elkeen moet oplet hōe hy daarop bou,

¹¹want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie - dit is Yeshua, dié Gesalfde Een.

¹²As enige iemand op dié fondament bou met goud, silwer, kosbare stene, hout, gras of stoppels –

¹³elkeen se dade sal aan die lig kom, want die dag sal dit uitwys omdat dit deur vuur openbaar gemaak word en die vuur sal elkeen se werk toets.

¹⁴Die een wie se dade, wat hy daarop gebou het, bly staan, sal sy beloning kry.

¹⁵As iemand se dade verbrand word, sal hy skade ly; hy self sal ontsnap, maar soos deur vuur heen. 1Kor. 3:10-15.

יהוה praat steeds met ons! Eerstens praat God met ons deur Sy Woord en tweedens deur Sy Afgesonderde Gees. Daarom is ons verhouding met Vader-God hoofsaaklik gefundeer op ons kennis en insig van Sy Woord, asook ons gehoorsaamheid aan Sy onderrig en instruksies soos dit in die nuwe verbond deur Yeshua vervul is. Hoe meer tyd ons spandeer om na יהוה se Woorde te luister soos dit vir ons in die Afgesonderde Skrifte opgeteken is, en hoe meer ons ywer om dit ook te doen, hoe meer sal ons van die Karakter en Outoriteit van יהוה verstaan en hoe meer intiem sal ons verhouding wees.

Daarom is die sleutel tot kennis en gemeenskap met Vader vertrouwe in Yeshua as dié Gesalfde Een en gehoorsaamheid aan Sy onderrig en instruksies soos dit in Yeshua vervul is en in die Skrifte van die nuwe verbond uiteengesit word.

³Hieraan weet ons dat ons Hom ken, as ons Sy opdragte uitvoer.

⁴Hy wat sê: 'Ek ken Hom' en Sy opdragte nie uitvoer nie, is 'n leuenaar en die waarheid is nie in hom nie,

⁵maar wie ook al Sy woorde voortdurend uitvoer, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword, want hieraan weet ons dat ons in Hom is:

⁶hy wat sê dat hy voortdurend in Hom bly, vir hom is dit nodig om so te leef soos wat Hy geleef het. 1 Joh. 2:3-6.

Die ewige lewe is om יהוה as God en Vader, asook om Yeshua as dié Gesalfde Een, te ken (Joh. 17:3). Maar as ons sê: “Ek ken Hom”, maar nie Sy opdragte uitvoer nie, is ons leuenaars en is die waarheid nie in ons nie!!

Daarom moet ons hoor (*sh'ma*) wat יהוה deur Yeshua en die Afgesonderde Gees sê en dit dan bewaar (*sh'mar*) soos ‘n baie kosbare skat sodat ons dit in ons lewenswandel as geregverdigdes kan toepas (*asah*), want ons oorwinnaarslewe op aarde, asook ons ewige lewe hang daarvan af!

Vader-God praat met ons deur Sy Seun en deur die Afgesonderde Gees vanaf die basis van die Tien Gebooie!

Bepeins of Bespreek

1. Hoe meer kennis ons van יהוה se Woord het, hoe groter word ons aanspreeklikheid ten opsigte van wat ons daarmee maak. Onthou: Dit is יהוה se Woord wat ons gaan oordeel. Lees Joh. 12:48, asook Joh. 3:16 saam met vers 36.
2. Kan diegene wat byvoorbeeld weier om die Shabbat te gedenk, en die Feestye van God te hou, יהוה se stem hoor? Hoor diegene wat hulself as vry van יהוה se wet beskou nie ‘n nabootser van יהוה se stem nie, of moontlik ‘n mengelmoes van stemme en om dan volgens hulle eie wil te besluit watter gebooie hulle sal gehoorsaam?
3. En wat van dié wat Yeshua as dié Gesalfde Een bely, maar wat vashou aan die Torah van Mosheh, naamlik hulle wat weier om te aanvaar dat daar na Yeshua se folterdood en opstanding ‘n verandering in יהוה se Torah plaasgevind het!? Hoor hulle die stem van die Afgesonderde Gees of die “stem” van Rabbynse Judaïsme?

Die Murmurering Van Yisra’el Word Gestraf.

In Num. 11:1-35 lees ons van die murmurering van Yisra’el, naamlik dat:

¹ Die volk het geword soos mense wat kla van swaarkry voor die ore van יהוה en toe יהוה dit gehoor het, het Sy woede ontbrand. Die vuur van יהוה het onder hulle gebrand en sommige aan die kant van die kamp verteer.

² Die volk het daarom na Mosheh uitgeroep en Mosheh het ingetree by יהוה en die vuur is geblus.

³ Die naam van die plek is Tav’erah genoem omdat die vuur van יהוה tussen hulle gebrand het. Num. 11:1-3.

Die onmiddelijke vraag is of Yisra’el hoegenaamd rede gehad het om te kla? Het יהוה dan nie in al hulle behoeftes voorsien nie?! Het hulle behoeftes nou in gierigheid verander? In vers 4 lees ons van die wortel (bron) van hierdie gierigheid, naamlik:

Die gemengde bevolking wat onder hulle was, het gierige begeertes gehad. Die kinders van Yisra’el het weer gehuil en gesê: “Wie sal vir ons vleis gee om te eet? Num. 11:4.

Dit was die *gemengde bevolking* (Hebreeus: *aspesoof*) wat die vuur van gierigheid aangesteek het, naamlik hulle wat saam met Yisra’el uit Mitzra’yim getrek het en wat van gemengde bloed was (Ex. 12:38). Dit was die gepeupel (sameskraapsel, uitkot) wat by Yisra’el aangesluit het bloot op grond van die belofte van die beloofde land wat met lus bevang was! Dit is hierdie gemengde bevolking wat die suurdeeg was wat die res van Yisra’el besmet het, want ons lees dat die kinders van Yisra’el toe ook weer gehuil het!

Aangaande hulle skryf die Psalmdigter in Ps. 78:19 die volgende: “Ja, hulle het teen God gekla. Hulle het gesê: “Kan God tafels met kos voorsien in die wildernis?”

Hierdie is ‘n voorbeeld van die minderheid wat die meerderheid se lot bepaal. Yisra’el het sy identiteit vergeet, asook dat hulle ‘n afgesonderde volk is wat naby יהוה moet lewe. Die gemengde bevolking was dié wat aan die kant van die laer gewoon het (Num. 11:1), naamlik weg van die tabernakel en van יהוה se Gemanifisteerde Teenwoordigheid. Hulle was diegene wat ongehoorsaam aan Torah was en dus teen יהוה se Karakter en Outoriteit gerebeller het. Yisra’el het toegelaat dat die invloed van die minderheid oorspoel na hulle deel van die laer. Hulle het יהוה wat in hulle midde gewoon het verwerp en voor Hom gehuil en gesê: “Hoekom het ons ooit uit Mitzrayim opgetrek?” (Num. 11:20).

Yisra’el se sonde was dat hulle wellustigheid die oorsaak van murmering geword het! Dit ten spyte daarvan dat die verterende vuur van יהוה onder hulle gebrand en gewoed het (Num. 11:1)! Te midde van יהוה se oordeel het Yisra’el met hulle murmurering voortgegaan asof die Almagtige hulle ‘n onreg aangedoen het deur hulle van die slawejuk van Mitzra’yim te bevry het. In die verband kan ons die wysheid van Salomo aanhaal, toe hy gesê het:

Al stamp jy die sot in ‘n stampblok tussen graankorrels met ‘n stamper, sy sotheid sal nie van hom wyk nie. Spr. 27:22 (1933, AOV)

Die vreugde van vryheid en dankbaarheid van voorsiening is nou vervang met ontevredenheid en ondankbaarheid soos blyk uit hulle woorde: “maar nou is ons eetlus opgedroog; daar is glad niks om na te kyk nie, behalwe net die ‘man hu’ voor ons oë.” (Num. 11:6). Die onredelikheid van hulle murmurering word egter in Num. 11:7-9 beskryf:

⁷ Die ‘man hu’ was soos koljandersaad en dit het gelyk soos boomgom.

⁸ Die volk het rondgegaan en dit bymekaargemaak en op maalstene gemaal of in vysels gestamp, dit in panne gekook en koeke daarvan gemaak. Die smaak daarvan was soos die smaak van koeke gebak in olie.

⁹ Wanneer die dou snags op die kamp val, het die ‘man hu’ saam met dit geval.

Hierdie ‘man hu’ uit die hemel was verniet! Dit was asof יהוה hulle vrygestel het van die vloek van “In die sweet van jou voorkop sal jy brood eet” (Gen. 3:19). In die verband skryf Matthew Henry in sy kommentaar (Commentary on the Whole Bible) ondermeer die volgende:

Peevish discontented minds will find fault with that which has no fault in it but that it is too good for them. Those that might be very happy often make themselves very miserable by their discontents. They could not be satisfied unless they had flesh to eat. They brought flocks and herds with them in great abundance out of Egypt; but either they were covetous, and could not find in their hearts to kill them, lest they should lessen their flocks (they must have flesh as cheap as they had bread, or they would not be pleased), or else they were curious, beef and mutton would not please them; they must have something more nice and delicate, like the fish they did eat in Egypt. Food would not serve; they must be feasted. They had feasted with God upon the peace-offerings which they had their share of; but it seems God did not keep a table good enough for them, they must have daintier bits than any that came to his altar.

Salomo in sy wysheid herinner ons aan die volgende:

¹ Wanneer jy sit om saam met ‘n heerser te eet, let noukeurig op wat voor jou opgedien word

² dat jy nie gif in jou mond sou sit nie. As jy 'n man met 'n uitermatige eetlus is, ³ moenie sy kos begeer nie, want sy brood is brood van bedrog. Spr. 23:1-3.

Die les om te leer is dat ons onderskeid moet maak tussen ons behoeftes en ons begeertes. Ons kan met vrymoedigheid na die Vader gaan met ons behoeftes, maar moet versigtig wees om Hom te vra vir wat ons begeer! Dit beteken nie dat ons begeertes noodwendig verkeerd en sonde is nie, maar dit kan wellus word wanneer ons ontevrede is met wat Vader-God voorsien en met die wyse hoe Hy voorsien. Ons kan nie bekostig om ontevrede te wees oor die wyse wat יהוה voorsien nie!

What is lawful of itself becomes evil to us when it is what God does not allot to us and yet we eagerly desire it (Matthew Henry).

Dit is die les wat ons leer uit die res van die gebeure soos dit in Num. 11:19-34 opgeteken is. יהוה het in hulle wellus (begeertes) voorsien tot so 'n mate dat talle gesterf het met die vleis tussen hulle tande (Num. 11:33). Oorvloed het nie hulle wellus bevredig nie! Begeerlikheid (wellus) kan geestelike en fisiese dood tot gevolg hê!

As ewige herinnering aan die gevolge van die begeertes van die vlees is die plek waar dit gebeur het genoem *Kibrot-Hattáäwa*, naamlik “die grafte van wellus”.

Ons vleeslike begeertes en neiging tot gemaksug is dikwels die wortel van ons ontevredenheid en kan maklik 'n “maksimum sekuriteitgevangenis” word. Onthou: “You can never satisfy a fire” – die vlees word nooit ten volle bevredig nie! Oorvloed kan ook 'n straf word!! Hiervan is die gebeure wat in Lev. 11:1-35 beskryf word 'n bewys, veral verse 19 en 20 waar יהוה vir Yisra'el sê:

¹⁹ Julle sal nie een dag of twee dae of vyf dae of tien dae of twintig dae eet nie,
²⁰ maar 'n hele maand lank totdat dit uit julle neusgate uitkom en vir julle walglik word omdat julle יהוה, wat tussen julle is, verwerp het en voor Hom gehuil en gesê het:
'Hoekom het ons ooit uit Mitzrayim opgetrek?'

Dit dien as waarskuwing dat bevrediging van begeertes kan uiteindelik walglik word! Daarom moet ons nie dieselfde foute as Yisra'el van ouds te maak nie, maar leer dat:

- ❖ Ondankbaarheid kan die graf word wat ons vir onself grawe.
- ❖ Indien Yisra'el 'n maand of meer se voorraad van 'man hu' sou kon opgaan, sou hulle nie meer vir יהוה vertrou het om in hulle daaglikse behoeftes te voorsien nie. Onthou dat Yeshua ons geleer het om te bid en te vra: “Gee ons die brood wat ons vandag nodig het” (Matt. 6:11).

Die les wat יהוה Sy volk wou leer is dit wat Yeshua ons ook aan herinner, naamlik:

³¹ Julle moet daarom nie bekommerd wees en vra: ‘Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie,’
³² want dit is die ander nasies wat konsentreer op al hierdie dinge. Julle hemelse Vader weet dat julle ook al hierdie dinge nodig het,
³³ maar soek eerste die Koninkryk van God en Sy onpartydige opregtheid en al hierdie dinge sal ook vir julle bygesit word.

Wanneer ons die begeerte na יהוה se Koninkryk en Sy onpartydige opregtheid ons prioriteit maak, dan sal Hy in ons daaglikse behoeftes voorsien. Maar dan mag ons nie voorskriftelik

wees ten opsigte van die wyse wat God voorsien nie. Ons moet dankbaar en tevrede wees vir Sy voorsiening!

Daarom moet ons onthou dat dood en lewe is in die mag van die tong soos wat ons in Spr. 18:2 lees, naamlik dat “Dood en lewe is in die mag van die tong en hulle wat dit lief het, sal die vrug daarvan eet”.

Hiervolgens is duidelik dat ‘n mens se woorde bepalend is ten opsigte van lewe (seëninge) en dood (vloeke). Ons woorde gaan die vrug dra van lewe of die vrug dra van dood! Dit is ons elkeen se keuse!

Die vrug van Yisra’el se murmurering oor die ‘man hu’ (Num. 11:1-6) was die dood van talle. In die oorvloed kwartels – genoeg vir een maand (Num. 11:18-22) – het die dood geskuil!

Terwyl die vleis nog tussen hulle tande was, voordat dit gekou is, het die woede van יהוה teen die volk ontbrand en יהוה het die volk met ’n baie ernstige plaag geslaan. Num. 11:33.

Yisra’el het genesing van hulle tonge nodig gehad! Hulle wil, denke en emosie het genesing nodig gehad! Dit wat na oënskynlike oorvloed gelyk het, was inderwaarheid ‘n vervloeking! Hulle was verblind vir die waarheid vanweë hulle gierigheid (wellus). Hulle sielsrealm het oor die geestelike geheers!

Hierdie was ‘n les om dankbaar te wees vir dit wat יהוה vir hulle gedoen het en steeds besig was om te doen! Dit is vandag vir ons elkeen ook ‘n les! Hierdie is een van die dinge waarna Sha’ul in sy brief aan die Korinthiërs verwys toe hy geskryf het:

⁵ Nogtans was God met die meeste van hulle nie tevrede nie, want hulle het geval in die wildernis.

⁶ Hierdie dinge is ’n voorbeeld vir ons dat ons nie begerig moet wees na boosheid soos hulle begeer het nie. 1Kor. 10:5-6.

Rabbie Kalman Packouz verduidelik dit soos volg:

When one focuses only on what he is missing, he blinds himself to what he does have. No matter how much you do have, there will always be something to complain about if you look hard enough. This attitude is not merely a means by which a person causes himself a miserable existence. It is a direct contradiction to our obligation to be grateful to the Almighty. Anyone having this negative attitude must make a concerted effort to build up the habit of appreciating what he has and what happens to him. This is crucial for both spiritual reasons and for happiness in life.

Ondankbaarheid kan die graf word wat ons vir onself grawe!! Dan moet ons ook onthou dat ‘n gemaksugtige geloofslewe bestaan nie! As studentevolgelinge van Yeshua, en as koninklike priesterdom van Malki-Tzedek, is ons in ‘n geestelike stryd gewikkel terwyl ons in die wildernis van hierdie lewe is (Efes. 6:10-18). En laastens, ons moet nie murmureer nie wanneer die Vader op Sy wyse voorsien en ons moet versigtig wees wat ons van Hom vra!

Bepeins of Bespreek

Our murmuring is the devil's music – Thomas Watson.

The more you have to live for, the less you need to live on. Those who make acquisition their goal never have enough – Sydney Harris.

Contentment is destroyed by comparison – Anonymous.

The hardest arithmetic to master is that which enables us to count our blessings – Eric Hoffer.

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.